



NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2009

LATYN TWEEDE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL II

Tyd: 1½ uur

100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 3 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
 2. Beantwoord ALBEI vrae.
 3. Antwoorde moet in die Antwoordboek voltooi word.
 4. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
-

Vertaal die Latynse gedeeltes van ALBEI die volgende paragrawe in Afrikaans.

Skryf asseblief op ALTERNATIEWE reëls.

VRAAG 1

Cicero bespreek die botsing tussen doen wat voordelig is en doen wat moreel reg is. As voorbeeld gebruik hy die gedrag van Gaius Fabricius, die Romeinse konsul, wat gekonfronteer word deur 'n valse verraaier van sy vyand Pyrrhus, koning van Epirus.

cum enim rex Pyrrhus populo Romano bellum intulisset, cumque de **imperio** certamen esset, **perfuga** ab eo venit in castra Fabricii eique est pollicitus, si praemium sibi proposuisset, se, ut clam venisset, sic clam in Pyrrhi castra reditum esse et eum veneno necaturum esse. Fabricius hunc reducendum curavit ad Pyrrhum, idque eius factum a senatu laudatum est. si **utilitatem** quaesivissemus, magnum illud bellum et gravem hostem, Pyrrhum, unus **perfuga** perfecisset, sed **simul** magnum fuisset **dedecus** nobis eum non virtute, sed scelere superatum esse. utrum igitur melius Fabricio fuit armis cum hoste certare an veneno? si **imperium** gloriae causa petendum est, scelus absit, in quo non potest esse gloria.

[Cicero, De Officiis III, xxii]
(aangepas)

imperium, -ii (o.)	=	heerskappy, oppergesag
perfuga, -ae (m.)	=	droster
utilitas, -atis (v.)	=	voordeel
simul (bw.)	=	terselfdertyd
dedecus, -oris (o.)	=	skande

50 punte

VRAAG 2

In een van sy briewe aan 'n vriend bevraagteken Plinius die bestaan van spoke.

(Let wel: Die Latynse gedeeltes vir vertaling word aangedui deur A, B, C, D en E. Merk hulle op dieselfde manier in jou vertaling. Verbindingstekes in Afrikaans is kursief gedruk. Moenie hierdie gedeeltes in jou antwoord insluit nie.)

*Ontspanning gee vir my die kans om te leer en vir jou om my te onderrig. [A] scire maxime volo utrum esse **phantasmata** putes an esse inania et ex metu nostro imaginem accipere.*

*erat Athenis domus magna sed **infamis sordidaque**. per silentium noctis sonus ferri et **streptitus** vinculorum audiri poterant; deinde senex, **macie** et squalore confectus videbatur; in **cruribus** et manibus **catenas** gerebat. *Gevolglik het die ongelukkige inwoners hul nagte wakker en vreesbevange deurgebring. Selfs gedurende die dag, toe die gedaante reeds verdwyn het, het die herinnering daaraan steeds vrees veroorsaak.* [B] *deserta igitur solitudineque damnata, domus tota **phantasmati** relictata erat. Dit is egter as te huur of te koop geadverteer ingeval iemand gevind kon word wat niks van die bese reputasie daarvan geweet het nie.**

[C] *venit Athenas philosophus Athenodorus; audito pretio, **vilitatem** suspicatus quamquam de omnibus certior factus erat, tanto cupidior domum emere fiebat. Daardie aand, nadat hy sy slawe weggestuur het, het hy hom in die voorste deel van die huis in sy skryfwerk en ander werk verdiep, in die hoop dat sy gedagtes as gevolg van sy konsentrasie nie die spook sou oproep nie.* [D] *primo ubique erat silentium noctis; deinde vincula moveri audit; respicit agnoscitque narratum sibi **phantasma**, se **innuens** ut eum sequeretur. Athenodorus het 'n lamp opgetel en die spook stadig gevolg totdat dit verdwyn het. Die plek van sy verdwyning is opgegrawe en bene is daar gevind, met kettings verstrengel.* [E] *ossa collecta sepeliuntur. Domus postea ossibus sepultis phantasmatis caruit.*

[Plinius, Epistulas VII, 27] (aangepas)

phantasma, -atis (o.)	=	spook
infamis, -e (b.nw.)	=	berug
sordidus, -a, -um	=	vuil, smerig
streptitus, -us (m.)	=	gerinkel
macies, -ei (v.)	=	skraalheid
crus, -uris (o.)	=	been
catena, -ae (v.)	=	ketting
vilitas, -atis (v.)	=	goedkoopheid
innuo, innuere, innui, innutum (3)	=	om te wink

50 punte

Totaal: 100 punte